Ark Blitz

TORING VAN BABEL

Maats behandel: Genesis 11



Mense dink hulle is belangriker as ander en selfs belangriker as God. Die ontmoeting wil die kinders help om op ’n tasbare manier te sien dat ons almal verskillend is, maar dat daar nie een is wat belangriker is as die ander nie.

Daarom gaan ons vandag in ’n tent klas hou en kyk ons na alles wat rondom die bou van die toring van Babel gebeur het. Ons tref vergelykings tussen tente, huise en hoe ons vandag kampeer. Ons vat aan velle, bakstene, bou ‘n toring en probeer in ander tale praat.

Na die vloed het die mense nog steeds net 1 taal gepraat. Almal kon mekaar maklik verstaan. Vel tente en klip beskuttings was almal se wonings. Om ‘n huis of beskutting te kon hê, het beteken om ‘n dier dood te maak en te verwerk, want die vel moes gebrei word om ‘n tent te maak. Tente was naby die aarde en nederig. Wanneer ons vandag kampeer is ons behoeftes ook minimal. Almal werk om die tent op te slaan en skoon te maak. Ons leef naby mekaar, hoor mekaar maklik en het tyd om te gesels.

Speel stomstreke

Om ‘n klip beskutting te maak verg harde werk en om ‘n steen huis te maak beteken materiaal moet gemeng en gebak word. Kyk na vandag se geboue, groter en beter teenoor tente. Die mense het begin om ‘n stad met ‘n toring te bou. Die toring sou tot by die hemel strek en almal sou net daar bly. God het na die mense se hart gekyk en gesien dit is nie vol liefde nie. Hulle wil belangrik wees. God het verwarring gebring in hulle taal, sodat hulle mekaar nie kon verstaan nie en God het hulle oor die aarde verstrooi. Daar is nie verder gegaan met die bou van die stad Babel nie.

Babel beteken: in verwarring bring.